

# Nuwe blik op VRUGTE- BEDRYF (Deel 5)

## FruitLook bied 'n wyer blik

---

FruitLook wen toenemend veld onder produsente. Ons het by gebruikers gaan kers opsteek om te hoor hoe hulle dit met ander tegnologie en inligting versoen en gesels oor verskillende gebruikstoepassings daarvan wat in omloop is. **Deur Jorisna Bonthuys**

---

Produsente gebruik tans verskeie nuwe hulpmiddels om onder meer groter insig in hul wingerdblokke en boorde te verkry.

FruitLook, wat satelliet-afstandswaarneming inspan, wen toenemend veld. Dié aanlynhulpmiddel is ontwikkel vir plaaslike gebruik en bied 'n unieke blik op verskillende aspekte van 'n blok of boord, onder meer wat watergebruik en gewasproduksie betref. Dit is danksy FruitLook se vermoë om bruikbare inligting te versamel wat nie met die blote oog sigbaar is nie.

FruitLook se data word as 'n verskeidenheid saamgestelde beelde aan die produsent beskikbaar gestel en kan op verskeie maniere benut word (sien grafika vir voorbeelde). Oor tyd heen kan produsente byvoorbeeld groeiverskille in 'n blok of boord met behulp van FruitLook se aanduiders oor biomassa-produksie monitor. Op grond hiervan kan 'n mens ook besluit waar om grondvogmeters te installeer, sekere metings te doen of selektief te oes.

“Elkeen van FruitLook se datastelle, hetsy oor groei, watergebruik en stikstof, openbaar 'n heeltemal ander prentjie van en insig oor jou blok,” sê dr Caren Jarman, 'n onafhanklike navorser en navorsingsgenoot verbonde aan die Sentrum vir Geografiese Ontleding aan die Universiteit Stellenbosch. “Hoe meer elemente van die prentjie beskikbaar is, hoe vollediger is die legkaart wat saamgestel kan word.”

As deel van FruitLook se datadiens aan produsente (waaroor tevore hier berig is) is dit deesdae ook moontlik om mense outomaties te laat weet as groot verskille in

blokke bespeur word wat afwyk van die “normale” prentjie.

'n Gesonde blok lyk dwarsdeur die seisoen taamlik eenvormig wat betref groei-aanduiders. As dié prentjie skielik verander, kan dit moontlik toegeskryf word aan peste of plae, watertekorte of ander kwessies wat met groei verband hou. Op grond hiervan stuur FruitLook se elektroniese waghond outomaties 'n e-pos-boodskap hieroor aan die produsent. “FruitSupport stel produsente in staat om hul bestuursbesluite waar dit nodig is aan te pas om optimale groei in hul wingerdblok te verseker,” sê dr Jarman.

Nigel Cook, 'n konsultant van PropHYta, beskou FruitLook as 'n nuttige hulpmiddel wanneer 'n mens onder meer besproeiingskedulering wil doen. “Voordat FruitLook beskikbaar was, was dit baie moeilik vir produsente om 'n geheelbeeld van 'n blok of plaas te kry,” sê hy. “'n Mens kan dit daarmee vergelyk om gholf oor 18 putjies te speel sonder 'n telkaart waarmee jy jou vertoning kan vergelyk. FruitLook is nuttig om gedurende en ná afloop van 'n seisoen terug te kyk vanuit 'n bestuursoogpunt om vas te stel hoe goed of sleg jy gevaar het. Op grond hiervan kan 'n mens na redes vir 'n gebrekkige vertoning gaan soek, indien nodig.”

FruitLook se data kan ook saam met ander data oor grondvog en grondtoestande bekyk word, sê hy. Hy beskou dit as baie belangrik om grondtoestande op jou plaas behoorlik te verstaan wanneer besproeiingsbesluite geneem moet word.




**fruitlook.co.za** help produsente om bestuurgebiede af te baken asook te besluit waar om steekproewe te doen om beter plaasbestuur en gewasproduksie te verseker

### Blik op 'n wingerdblok


Wingerd naby Somerset-Wes




FruitLook toon duidelike groeiverskille in hierdie blok



Hierdie verskille is ook sigbaar in hoëresolusie-lugfotos




Metings van lootgroeï bevestig verskille sigbaar in die foto's




### Skep só sones vir steekproewe

#### Biomassaproduksie



Oor tyd heen kan produsente groeiverskille in blokke met behulp van aanduiders oor biomassa-produksie help vasstel.

Deur duidelike sones in die blokke vas te stel, kan die produsent bepaal waar om blaar- en vrugmonsters te neem.



Gebiede met swak of geil groei kan met FruitLook-beelde bepaal word. Op grond hiervan kan besluit word waar om grondvogmeters te installeer, metings te doen of selektief te oes.

### Waar om grondvog-meetinstrumente te plaas

#### Verdampingstekorte



Aanduiders oor verdampingstekorte sal oor tyd heen wys watter dele van die blok geneig is om spanning te ondervind.

Produsente kan grondvog-meetinstrumente op hierdie plekke installeer en só verhoed dat die res van die blok ook spanning ondervind.

FruitLook se unieke datastelle kan ook saam met ander tegnologie en inligting gebruik word, byvoorbeeld vir inligting oor grondvog en opbrengste. In die proses kan dit interessante inligting van groot waarde vir die produsent ontsluit.

Dr Albert Strever, 'n wingerdboukundige van die Universiteit Stellenbosch, sê FruitLook hou groot waarde vir produsente in, veral wanneer dit saam met ander tegnologie geïntegreer en/of datastelle gelees word. "Maar dit hang nou saam met hoe gereed 'n produsent of konsultant is om die data wat gegenereer word, te interpreteer en/of toe te pas," sê hy.

Dr Strever is tans deel van 'n navorsingsprojek oor hoe FruitLook moontlik gebruik kan word in toekomstige opbrengsvoorspellings. Die span, onder leiding van dr Jarmain, kyk onder meer hoe fenologiese, asook opbrengsdata, hiervoor ingespan kan word en maak van statistiese tegnieke en masjienleer gebruik.

Ook Tiaan Snyman, 'n grondkundige van Agrimotion, meen dit is voordelig om FruitLook in kombinasie met ander inligtingsbronne te gebruik. "As 'n grondvogmeter byvoorbeeld wys die grond is droog en ons sien 'n afname in [FruitLook se data] oor hoe doeltreffend water in die boord of blok gebruik word, kan ons met sekerheid sê dit is weens onderbesproeiing. Hoe meer data ons integreer, hoe beter is ons antwoorde en aanbevelings.

"Dikwels weerspieël groei-afwykings in blokke grondverskille en grondmonsters word daarom in verskillende gebiede geneem," sê hy. "FruitLook se data, tesame met grondmetings en monsters, help om die oorkoepelende prentjie te skets."

Hy beskou FruitLook as baie doeltreffend om variasie in 'n blok te help identifiseer. "Kyk byvoorbeeld na data afkomstig van 'n warm week in Desember. FruitLook se aanduiders oor hoe doeltreffend water gebruik word en watter tipe variasie daar bespeur word, sal saam met grondvogmeters die mees verteenwoordigende lesing gee. Die ideaal is om grondvogmeters op grond van variasies uit te plaas wat grondkartering in ag neem en in die FruitLook-data weerspieël word."

Distell benut FruitLook om groeikragverskille in en tussen wingerdblokke te identifiseer. Dié inligting word in kombinasie met data oor optimale rypheid gebruik. Blokke is dikwels redelik homogeen, maar soms kan duidelik tussen geil en minder geil gedeeltes onderskei word. FruitLook gee 'n oorhoofse beeld en dui hierdie sones baie duidelik aan. In die afgelope seisoen is druifmonsters op verskillende plekke binne blokke by Plaisir de Merle naby Franschoek geneem op grond van

groeikragverskille, soos sigbaar met behulp van FruitLook.

Waar moontlik is die druiwe afsonderlik volgens verskille in blokke gepars sodra optimale rypheid bereik is. Die idee hiermee is om aparte wyne te maak en te bepaal hoe groeikragverskille die wyngehalte van verskillende kultivars beïnvloed. Distell se grootste uitdaging hiermee is om genoeg kleiner tenke te vind om druiwe volgens groeikragverskille binne 'n blok apart te hou en die neem van gereelde, verteenwoordigende druifmonsters vir optimale rypheidsanalise te koördineer.

Dirk Sutherland van Omnia vind FruitLook nuttig om swak dele in blokke te help uitken wat grondwelstand betref, veral wanneer dit saam met ander apps en lesings oor grondwelstand gebruik word. "Dit raak toenemend belangrik om grondgesondheid te evalueer. Ons kombineer derhalwe 'n fisiese, chemiese en biologiese ontleding om te bepaal waarom daar 'n swak gedeelte is deur dit met die ontledings van die beter dele in die blok te vergelyk."

Hy merk hierdie swakke plekke met GPS-tegnologie en kombineer dit met ander apps van byvoorbeeld Omnia. Dirk sê dit is interessant hoeveel grondlewe verskil tussen goeie en swak plekke binne blokke soos uitgewys deur FruitLook se aanduiders.

"Wanneer dit kom by algemene bemesting help FruitLook om meer akkurate monsters te trek met baie minder moeite," sê hy. "Verder gee dit ook 'n idee van hoe water deur jou blok beweeg."

Dirk gebruik FruitLook om twee GPS-punte per blok uit te ken wat hy voel die blok goed verteenwoordig en waarvolgens hy dan monsters neem. Dit stel hom in staat om aanstaande jaar op presies dieselfde punte monsters te neem. "Ek kan dan met groter sekerheid aflei dat die verskille wat ek waarneem vanweë my bemestingsprogram of algemene bestuur is, aangesien my monsterneming gestandaardiseer is."

Dirk reken FruitLook se tegnologie stel produsente in staat om al hoe meer ekonomies te boer in terme van waterbestuur, voeding en plaagbeheer. "Ek dink hierdie tegnologie [FruitLook] gaan produsente in staat stel om meer mikrovlakbestuur toe te pas."

Wat FruitLook veral waardevol maak, is dat dit onafhanklik, gratis en weekliks beskikbaar is, sê Tiaan. "Dit bied 'n fantastiese manier om met nuwe oë na 'n boord of blok te kyk."

Wanneer dit saam met ander tegnologie en inligting gekombineer word waartoe die boer toegang het, is daar boonop nog meer moontlikhede om beskikbare hulpbronne doeltreffend te gebruik.

Hierdie artikel is 'n aangepaste weergawe van 'n artikel wat vroeër in die SA Vrugtejoernaal verskyn het. Ons publiseer dit met vergunning.